

BELEGGINGS-OORSIG: DESEMBER 2010

03 12 2010

1. Finansiële-mark oorsig: 2010
 - (a) Plaaslike mark (b) Internasionale markte (c) Wisselkoerse
2. Huidige ekonomiese omgewing en vooruitsigte: Oorsigtelik
3. Beleggings-oorwegings & Fonds prestasies

FINANSIËLE MARK OORSIG: 2010

Na die redelik lang uiteensetting van administratiewe aangeleenthede, gaan die markinligting, ens., ietwat beperk word.

(a) Plaaslike mark: Met verwysing na die grafiek van die JSE alle aandele indeks, hieronder, kan die stewige herstel van ons aandelebeurs die afgelope jaar gesien word. Veral die laaste paar maande. - Hierdie herstel is 'n voortsetting van die herstel wat reeds sedert 2009 ingetree het. (Na die 2008/2009 finansiële krisis),



Die JSE Algemene Indeks is tans baie na aan hoogte punte bereik net voor die mark krisis.

INDEKS	SLUITING)	Jaar tot datum:	1 JAAR	3 JAAR *
Alle Aandele	31 181	15.7 %	18.7 %	4.7 %
Eiendom	391.14	31.8 %	31.4 %	10.7 %
Alle Effekte	337.62	13.2 %	13.8 %	9.6 %
Kontant	249.20	6.4 %	7.1 %	9.4 %

(* 3 Jaar – Jaarliks saamgestelde opbrengs)

(Soos op 29 112010)

(b) Internasionale Markte:

Op veral groter portefeuljes word dikwels vir diversifikasie- en verskansings doeleindes, buitelandse blootstelling gesoek. Ook plaaslike fondsbestuurders benut hierdie strategie. Verder is die tendense op leidende internasionale markte meestal ook die rigting waarin die JSE (en ander ontluikende markte) beweeg: (Weereens, soos op 29 11 2010)

INDEKS	SLUITING	Jaar tot datum	1 JAAR	3 JAAR
MSCI Intern.	1 210.36	3.3 %	5.6 %	(- 8.2)
S & P 500 (VSA Int)	1 189.40	5.6 %	9.0 %	(- 6.2 %)
FTSE 100 (Brittanje)	5 668.70	4.9 %	7.9 %	(- 3.3 %)
DAX (Duitsl)	5 997.20	16.3 %	22.1 %	(- 3.9 %)
Nikkei (Japan)	10 039.56	(- 4.3 %)	5.7 %	(- 12.3 %)
MSCI EM (Intern)	1 081.06	11.0 %	12.0 %	(- 3 %)

Die afgelope jaar was die Duitse beurs (DAX) die uitstaande presteerder. (Van die groot ekonomie) "Ontluikende markte" ("Emerging markets") as beleggings-bestemming is steeds gewild. Soos ook ons plaaslike JSE, het ontluikende ekonomie in 2010 enorme bedrae beleggings-kapitaal se invloed vanaf internasionale beleggers verkry.

(c) Wisselkoerse

Wat wisselkoerse met ons vernaamste handelsvennote betref, het die SA Rand die afgelope jaar geleidelik versterk, en word hierdie posisie redelik stabiel gehandhaaf. Die afgelope jaar was die wisselkoers meestal tussen ongeveer R 7-80 / \$ vroeër in die jaar, en R 6-90 / \$. Soos in my vorige verslag vermeld, beteken huidige sterk vlakke van ons geldeenheid steeds niks goed vir die huidige opbrengs statistiek van buitelandse fondse nie. (In SA Rand waardes)

HUIDIGE EKONOMIESE OMGEWING:: -

As ingedagte gehou word dat die aandele beurse waarop gekose fondsbestuurders waarde soek, direk geaffekteer word deur kern ekonomiese resultate, is dit belangrik dat kennis geneem word van die ekonomiese omgewing waarin ons, ons tans bevind.

INTERNASIONAAL:

In die algemeen gesien, ten spyte van wisselvallige ekonomiese herstel in al die belangrike wêreld ekonomie, is ekonomie sonder twyfel in 'n beter posisie as 'n jaar gelede. Die potensiele opbrengs vooruitsigte op internasionale finansiële markte vir ons beleggers, lyk derhalwe steeds beter in die lig van al beter ekonomiese- en mark data.

Ongelukkig, as nadraai van die finansiële krisis van 2008 / 2009, is daar nog heelwat krisisse (in die klein) wat weekliks nuus hooftrekke haal. Van die Europese lande, en sommige in die onmiddellike omgewing daarvan, beleef steeds 'n redelike verknorsing om hul finansies te laat klop. In die VSA word beter nuus dikwels gevolg deur meer teleurstellende data. Dit blyk nou dat die residensiële eindomsmark daar nie gou gaan herstel nie. Dit is werklik 'n groot probleem wat verbruikersvertroue geweldig negatief beïnvloed.

In teendeel hiermee is Brasilië, China, Indië en sommige ander opkomende ekonomie op 'n "stoomroller" groei pad wat die wêreld laat regop sit. Hoewel hierdie ekonomie uitstaande groei, (met groei syfers wat ons hier in SA nodig het!), het hul aandele beurse nie wesentlik, beter gevaar as die algemene tendense in wêreld markte nie. Hiermee word bedoel dat hierdie aandele markte ook nou eers volwaardig van die 2008/ 2009 krisis begin herstel.

PLAASLIK:

Wat internasionaal gebeur, reflekteer ook in ons ekonomie. Tog wil dit lyk of ons steeds 'n bietjie "afsteek" teenoor die ander leidende opkomende markte (In ons vorige verslag is sommige van die redes hiervoor hanteer)

Hoewel ons plaaslike ekonomie wel groei syfers toon, gaan dit soms met “rukke en stote”. Ons belangrikste indikatore vir potensiële groei is steeds wisselvallig. Ten minste is daar ’n gesonde oplewing in voertuig verkope en is daar oor die algemeen redelike positiewe sentiment oor verbruikers besteding hierdie komende kersseisoen. Verder het onlangse produksie / vervaardiging – statistiek, belowende verbetering getoon. (Meer oor die uitkoms hiervan in ons verslag in Februarie 2011.) Werkloosheids – statistiek is egter steeds ontstellend hoog.

BELEGGINGS- OORWEGINGS:

In geheel gesien, het ons as beleggers in 2010 ’n goeie jaar gehad. Daar was relatief min onstuimighede op internasionale markte sowel as plaaslik. Verbetering het redelik stabiel plaasgevind en geen nuwe krisis het die finansiële markte onstig nie. Daar is internasionaal beslis ’n groot verbetering in beleggers vertroue. Hoewel daar derhalwe nie die vuurwerke in terme van opbrengste was van die jare 2004 tot 2007 nie, - kan ons beleggers tevrede wees dat hul deurgaans opbrengste behaal het wat geldmarkkoerse en die inflasie koers heel gerieflik klop. (Buitelandse portefeuljes / fondse moet egter nie teen plaaslike koerse geweeg word nie – veral nie in SA Rand nie)

Weereens, - In die lig van ons huidige lae rentekoerse en inflasie koers, - moet beleggers beseft dat, - veral in die huidige “gedempte” plaaslike en internasionale ekonomiese omgewing, opbrengs verwagtinge aangepas moet word na meer realistiese syfers. Ons het hierdie aspek deeglik aangespreek in ons Augustus verslag, asook in individuele portefeulje evaluasies. Beleggers wat hieroor steeds nie duidelikheid het nie, kan my gerus kontak.

FONDS PRESTASIES:

Dit is die fonds seleksies, en spesifieke kombinasies daarvan, wat uiteindelik ’n beleggings-portefeulje suksesvol maak. Hoewel ons spesifieke fonds prestasies sal hanteer in ons Februarie 2011 verslag, wanneer al die jaar resultate bekend is, kan ek sonder twyfel vermeld dat ons voorkeur fondse, reeds vir etlike jare, uitstaande kompeterende resultate behaal. Van tyd tot tyd sal ’n spesifieke fonds moontlik resultate toon wat nie aan verwagtinge voldoen nie, - maar dit is gewoonlik van korte duur. Ons voorkeur fondsbestuurders volg almal ’n langer termyn , waarde- strategie en neem dikwels posisies in om resultate in die toekoms te behaal. Daar is nie ’n enkele fonds wat ons die afgelope paar jaar aanbeveel het, wat ons nou uit “Versigtige” of “Gematigde” portefeuljes sou wou verwyder nie. (Uitgeslote, moontlik 1 of 2 “ Aggressiewe” groei portefeulje-fondse) .

Elkeen van ons voorkeur fondse verrig hul funksie soos bedoel is, binne die belegger se totale strategie.

Weereens, - dankie dat ons in 2010, vir u adviseurs kon wees.

Groete,

Kobus Louw, CFP®

SEL: 082 881 2892

Finansiële en Beleggings Adviseur - CFP® (FPI lisensie nr : 9601732)

Vrywaring : Alle inligting in hierdie dokument en aanhangsels is deur die skrywer alleen voorsien en is uitsluitlik bedoel vir die geadresseerde kliënt en verteenwoordig nie noodwendig die mening of inligting van enige ander persoon of instansie nie. Enige besluit deur enige iemand, gegrond op hierdie inligting verskaf, is op eie risiko, aangesien ander faktore ’n rol mag speel. Alle berekenings is benaderd en gebaseer op inligting voorsien aan die skrywer deur gesaghebbende bronne. Alhoewel sorg geneem word om deurgaans korrekte inligting te verskaf, kan die absolute korektheid daarvan nie onder alle omstandighede gewaarborg word nie.

E-mail: financial@gerberlouw.co.za

/ Website: www.gerberenlouw.co.za

PO Box 824 : KLEINMOND; 7195

Tel : 082 8812892 / 028 272 9918

REGISTERED HEAD OFFICE : 3870 Chironia cl

Fax: 086 6195 809

Betties Bay

Director: JC Louw

GERBER & LOUW (PTY) LTD 2001/026033/07